Pinkster 2015

"Die aarde behoort aan die Here"

Op versoek van die NG Kerk se Oostelike Sinode en verskeie ander sinodale taakspanne vir ekologie dink ons gedurende vanjaar se Pinksterbidure as kerkfamilie saam daaroor dat die Here ons wonderlik geskep het, in verbondenheid met die res van die skepping. Ons bedink ook ons roeping om die aarde wat aan ons toevertrou is te versorg en te bewaar, in die gelykenis van ons Skepper.

Terwyl baie van ons reeds sensitief geword het vir die groot uitdagings wat ons vandag in die algemeen met betrekking tot die ekologie het, is die vraag hoe die Here self verwag dat ons met die skepping, in besonder met die aarde en met ons medeskepsels, moet omgaan.

- Aan wie behoort die skepping, of die aarde eintlik? Wat is ons mense se plek daarby of daarbinne? En as die skepping nie ons s'n is nie, maar die Here s'n, hoe moet ons daaroor nadink en hoe moet ons daarmee werk? Watter houding teenoor sy handewerk verwag die Here van sy kinders, ons wat aan Hom toegewyd wil lewe?

In hierdie reeks staan ons by belangrike aspekte stil en vra ons die Heilige Gees om in ons omgang met die skepping en die aarde ons oë oop, ons harte liefdevol en ons hande warm te maak.

- Kom saam as leiers van die NG Kerkfamilie, waar julle ookal kan en dink oor die reeks in die lig van Jesaja se woorde: "Weet julle dan nie? Het julle nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde" (Jes 40:28).

- Die reeks beklemtoon dat die aarde aan die Here behoort. Omdat baie van ons gemeentes 10 bidure en ook Pinksterfees hou, staan ons stil by elf opeenvolgende aspekte:

(1) Die hemele besing ons Here se heerlikheid (Ps 19:2-7, 15; Open 4:11; 10:6);
(2) en die aarde is ons én ons Here se woonplek (Gen 1:26-28, 31; Joh 1:1-5,14);
(3) waaroor Hy as die Versoener heers (Kol 1:15-20).
(4) Sy Gees heers in ons en gee aan ons insig (Rom 8:9-11; Ps 8);
(5) om die aarde te sien en die Skepper te loof (Job 38; 39);
(6) om sy skepping se sugte te hoor (Rom 8:19-22);
(7) om die aarde se integriteit te respekteer (Jes 45:1a, 5-8);
(8) en dit te versorg (Gen 2:4-15);
(9) om vrygewig en dienend met ons medeskepsels om te gaan (2 Kor 9:10-15);
(10) om offervaardig en mededeelsaam, in eenvoud & sober te leef (Hand 2:43-47; 4:32-37; 2 Kor 8:10-15).
(11) omdat ons bely, "*Die aarde behoort aan die Here*" (Ps 24:1) en ons eer sy heerskappy saam met die hele skepping (Open 5:8-14)

- Ons het baie groot waardering vir al ons medewerkers wat met ons saamgewerk het om die oordenkings beskikbaar te maak in die persone van Anton Doyer, Sipho Makoena en Thinus Prinsloo, Gustav Claasen en Victor Pillay, Lourens Schoeman en Dingane Mosili, Carl Lourens en Jimmy Frans, Carl Swart en Rachel Mash, Arnold van der Westhuizen en Sydney Saayman, Schalk van Wyk en Mizelle Prinsloo, Dawid Kuyler en Andries Hofmann, Hendrik Groenewald en Attie du Plessis.

David Botha en Juanita Greyvenstein het vir ons 'n liturgie saamgestel vir herhalende gebruik.

- Ons vertrou dat die Heilige Gees vanjaar se reeks sal gebruik om ons saam met mekaar en met ander fyn in te stel op die gedagtes van ons Here se hart en ons sal omvorm om bruikbaar te wees in die versorging van alles wat Hy tot sy en ons vreugde, met groot liefde en besondere sorg geskep het.

Mag Pinkster in julle gemeente geseënde uitkomste bring en vreugde gee aan die skepping en ons Skepper.

Eddie Orsmond, Donald Gantana, Gideon Van der Watt en Johan Botha (namens die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis)

Liedere vir oorweging

Liedboek No's 19, 29, 198, 199, 280, 292, 308, 354, 395, 421, 456, 458, 460,488, 499, 532, 563; Sionsgesange 7, 8, 18, 19, 20, 21, 22, 25, 26, 28, 29, 32, 34, 38, 42, 65, 102, 126,130, 218, 206, 257, 260, 310, 317, 323, 337, 403; Hosanna 5, 9, 30, 44, 62, 89, 106, 125, 137, 142, 225, 257, 282, 288, 296, 323, 353,

Bronne om na te slaan

Burger, CW et al. 1988. *Woord teen die Lig II/4* N G Kerk-Uitgewers. Kaapstad
Conradie, E.1996. *Rus vir die hele aarde* . LUX VERBI: Kaapstad
McKnight, S. 2007. *A Community called Atonement*. Abingdon Press. Nashville
Migliore, Daniel L. 2004. *Faith Seeking Understanding.*Eerdemans. Grand Rapids
Vos, C. et al. 1991. *God mens en Wêreld. Mens en Omgewing*. Orion. Halfway House
Newbegin JEL 1990. *Come Holy Spirit- Renew the whole creation.*
http://www.newbigin.net/assets/pdf/90chs.pdf
Taakgroep VGKSA en die Evangelies Gereformeerde kerk in Duitsland. 2010. Dreaming a different World (Globalisation and Justice for Humanity and the Earth - The challenge of the Accra Confession for the Churches).

LITURGIE

Aantekeninge by die gebruik van die liturgie

Ons het een liturgie voorberei wat by elke geleentheid van Pinkster gebruik kan word. Ons motiveer dit graag soos volg:

1. Responsoriese liturgieë gee vir almal geleentheid om deel te neem, terwyl dit ook aan die gemeente se byeenkoms letterlik eenstemmigheid gee.

2. Responsoriese liturgieë gevul met litaniese gebede moet deel van ’n mens se binnewêreld (hart) word. Daarvoor is herhaling nodig. Met die eerste paar keer se gebruik is dit nog vreemd en neem mens as buitestaander deel. Deur herhaling word jy deel van die liturgie en die liturgie van jou. Mens moet daarin ingroei. Ons moedig u dus aan om hierdie liturgie deurlopend te gebruik.

3. Die liturgie skep en word die konteks waarbinne die gemeente se ontmoeting met God gebeur. Deur een liturgie vir Pinkster te gebruik, word die reeks as eenheid in dieselfde konteks ingebind. Dit kan bydra tot groter diepte en trefkrag.

4. Daar is genoeg verskeidenheid in die een liturgie ingebou, dat nie al die gebede elke aand gebruik hoef te word nie. Kies dié gebede wat beste pas by die fokus van die aand se woord of doen vrye gebede.

Een van die ou Christelike tradisies wat erns maak met die skepping is die Keltiese tradisie. Hierdie tradisie is nie vreemd aan Afrika nie. Afrika se mense is ook mense van die grond, lug en water. Vir liturgiese materiaal help dit ons egter om by die Kelte te leer. Die liturgie wat ons hier aanbied is daarom gebaseer op ’n liturgie uit die Keltiese gebedeboek wat aangevul is met enkele ander bronne.

Mag God hierdie Pinkster gebruik om ons te leer om beter te verstaan wat dit beteken om as God se kinders in hierdie aarde (en die ruimtes wat reeds vol van ons rommel is!) te leef en God se getuies te wees.

Voorganger God van die lewe, dit is U wat die dag roep om te breek

en wat ons roep om saam met U te skep.

Almal U is die Rots uit wie die aarde gevorm is.

U is die Voedsel waarvan alle siele lewe.

U is die Kragbron uit wie alle energie vloei.

U is die Oorsprong van alles wat daar is.

Simboliese handeling:

(Aansteek van kerse om God, Drie-enig, se teenwoordigheid op Aarde te bevestig)
[Benodigdhede**:** *Drie Kerse* (verkieslik drie verskillende kleure, een kan 'n kers wat op die water dryf wees); *Drie houers*: Een gevul met grond, 'n tweede met water en die derde met verskillende sade (kyk gerus watter jy in die tuin kan vind. 'n Kers word vooraf in elkeen van die houers geplaas.]

Aansteek van Eerste kers *(Gedagtes Kers)*

Voorganger Met die aansteek van die eerste kers, verwelkom ons die teenwoordigheid van God, die Bron van alle kreatiwiteit. Saam met hierdie vlam verlig God ons gedagtes om in te sien dat ons uit die aarde gevorm is en daarin woon.

Almal Here God, ons verwelkom u teenwoordigheid op hierdie Aarde

Aansteek van Tweede kers *(Hart Kers)*

Voorganger Met die tweede kers vra ons vir Jesus, wat sy bediening in die waters van die Jordaan begin het, om ons harte met ywer te vul vir ons bediening aan al die noodlydendes op die aarde. Met hierdie kers, bring ons dank en eer aan die water wat aan ons lewe gee.

Almal Here, Jesus ons verwelkom u teenwoordigheid in al die riviere en oseane van die wereld.

Aansteek van Derde Kers (Hande Kers)

Voorganger Met die derde kers nooi ons die Heilige Gees om deur ons lewens te waai en ons te besiel, sodat ons hande se werk tot seën mag wees. Met hierdie kers bring ons dank en eer vir die lug wat ons inasem en wat ons aan die lewe hou.

Almal Heilige Gees, kom waai met u lewegewende asem dwarsdeur u skepping.

Danksegging:

Eerste Skepper-God, hoe groot is U!
U beklee uself met lig.
U het die hemelkoepel soos 'n tent oop gespan.

Tweede Winde is U boodskappers.
Vlamme is U dienaars.
U laat dit reën sodat ons kan eet.

Eerste Hoe talryk is U werke, o God.

In wysheid het U alles gemaak.

Tweede Die aarde is vol van wat U gemaak het,
die see, groot en wyd,
wemel van diere, klein en groot.
Hulle is almal van U afhanklik.
U gee hulle kos op die regte tyd.
U gee die lewensasem en daar is lewe.
Ook uit die grond laat U nuwe lewe spruit.

Eerste Mag U heerlikheid nooit ophou nie
Mag U vir altyd bly wees oor wat U gemaak het.

Tweede Mag ons gedagtes altyd vir U plesier gee.
Mag ons altyd in U vreugde hê.

Ps 104

Lied oor die heerlikheid van die skepping:

Voorganger Vir grond en see en lug in die harmonie van kleure
Almal sê ons dankie, o God.
Voorganger Vir die Asem van die ewige wat deur ons aardse bestaan waai,
Almal sê ons dankie, o God.
Voorganger Dat U u oneindige heerlikheid in ons tydelikheid kom uitstort,
Almal sê ons dankie, o God.
Voorganger Vir die glansryke natuur,
diere wat groei,
gesaaides wat ontkiem,
voëls wat sing,
die energie van die stad,
Almal sê ons dankie, o God.
Voorganger Vir Hom wat U gestuur het om ons te herstel toe ons uit die goedheid van U skepping geval het,
Almal sê ons dankie, o God.
Voorganger Vir U Gees wat oor die onstuimige waters van ons lewens waai, en so vir ons heling en rus bring,
Almal sê ons dankie, o God.
Voorganger Dat U ons seën deur ons lewens volgens die ritme van U getye te laat vloei,
Almal sê ons dankie, o God.
Voorganger Dat U elkeen van ons in die wentelbaan van U liefde plaas – soos die sterre in die hemelruim,
Almal sê ons dankie, o God. Amen.

of

Voorganger Liefdevolle God, Liefdevolle God,
die hele skepping eer U,

Almal en so ook ons, en so ook ons.

Voorganger Liefdevolle God,
u hele skepping eer U.
U Gees vul die heelal met lewe en misterie.

Ja, die hele skepping verkondig U liefde.
Ons sluit nou aan by hierdie koor van lof.

Voorganger Liefdevolle God,
alles in die natuur eer U,

Almal en so ook ons.

Vooganger Want u het ’n hegte tapeserie geweef
en dit lewe genoem

Almal en dit goed genoem.

Voorganger In liefde het u ’n heelal gevorm,
so divers en tog verwant
en binne hierdie web roep U ons,
om die land te deurkruis en deur die see te swem -
met al ons broers en susters in die natuur.
Vir die sterre,
lyk ons na niks meer as grasspriete nie.
Tog is elkeen van ons vir U -
soos elke grasspriet en elke ster -
’n onvervangbare skat,
’n wesenlike metgesel op hierdie reis van liefde.

Voorganger Liefdevolle God, U wat met die hele skepping verlossend opweg is,
lei ons deur u Gees
sodat ons nie net pelgrims óp hierdie aarde sal wees nie,
maar ook pelgrims mét die aarde,
op reis huiswaarts – na U.

Open ons harte om te begryp
hoe intiem u verhouding met die hele skepping is.
Alleen met hierdie geloof kan ons hoop
vir die kinders van môre.
Amen. Halleluja.

Voorganger Liefdevolle God, Liefdevolle God,
die hele skepping eer U,
Almal En so ook ons, en so ook ons.

Geloofsbelydenis:

Almal Ek glo, God drie-enig,
dat U die ewige Skepper is van alle lewe.
Ek glo, God drie-enig,
dat U die ewige Vader van liefde is.
Ek glo, o Here en God van alle mense,
dat U die Skepper is van die hemele daarbo.
Ek glo, o Here en God van alle mense,
dat U my siel gemaak het en die patroon daarvan vasgelê het. Amen.

Sing gepaste liedere.

Skuldbelydenis:

Voorganger Skepper en Verlosser,
ons het die aarde uitgebuit vir selfsugtige redes,
ons rug gedraai op die natuurlike siklusse van die lewe
en vergeet dat ons U verteenwoordigers is.
Daarom word die grond onvrugbaar,
word die lug en water vuil,
verdwyn spesies
en verloor mense hul menslikheid.
Met berou kom ons na U toe.

(Hier kan 'n oomblik van stilte volg, spontane gebed (in groot of kleingroepe), musiek/sang van berou of die gebed om genade wat volg. Die gebede kan op spesifieke sake fokus van lyding in die skepping in die omgewing van die gemeente (bv. stropery en ander mishandeling van diere, waterbesoedeling, uitsterf van spesies, ens. Waar enigsins moontlik kan PPT voorberei word met fotos wat uit die omgewing geneem is. Dit kan vertoon word voor geleentheid vir gebed gegee word.)

Voorganger Here, wees genadig.
Almal Christus, wees genadig.
Voorganger Here, wees genadig.

Diens van die Woord:

Skriflesing *Die teks vir die aand word gelees en opgevolg met 'n kort woord.*

VOORBIDDING

Een of meer van die volgende gebede kan gebid word of die gebedsriglyne wat by die onderwerpe gesugereer word).

Voorganger Dit weet ons: Die aarde behoort nie aan ons nie.
Almal Die aarde behoort aan God en so ook alle mense.
Voorganger Dit weet ons: Ons het nie die web van die lewe geweef nie.
Almal Die aarde behoort aan God en so ook alles wat asemhaal.
Voorganger Wat ookal met die aarde gebeur,
gebeur met die seuns en dogters van die aarde.
Almal Die aarde behoort aan God en só sal ons dit dien.

Leser Seën alle werk wat vandag gedoen word
om die menslike familie te voed, te klee en te huisves;
om te kan reis en wysheid te bekom,
om te kommunikeer en handel te dryf,
om kuns te beoefen en die lewe te vier.
Mag alles u heerlikheid weerkaats.

Leser Here, u wat vir alles sorg soos 'n Vader;
Ons wy aan U die waters en die woude,
die grond en die lug,
die plante en die diere,

die tegnologie en die tekstiele van die wêreld.

Almal Mag ons rentmeesters wees van u skepping
tot verheerliking van U
en tot die voordeel van ons nageslag.

Leser Werker-Christus, as ons ons werkplek binnegaan,
help ons om u teenwoordigheid daar raak te sien.
Rus ons toe om u vrede en volmaakte orde te bring.
Herinner ons om u heerskappy te erken oor alles wat ons daar doen, dink en besluit.
Skenk aan ons ’n onuitputlike voorraad waarheid en skoonheid om mee te werk.

Leser In afhanklikheid van die God van Lewe
mag ons die kosbare aarde koester:
die aarde van die Vader van die Lewe,
die aarde van die Seun van die Liefde,
die aarde van die Gees wat heilig maak.
In afhanklikheid van die God van Lewe
mag ons lewens vandag geseënd wees:
die seën van die Vader van die Lewe,
die seën van die Seun van die Liefde,
die seën van die Gees wat heilig maak.

Hier kan gesing word.

Uitsending:

Voorganger Wees ’n tuinier.
Grawe ’n gat.
Swoeg en sweet.
En dolwe die aarde om.
Ontdek wat diep lê.
Gee water op die regte tyd.
Hou onvermoeid aan.
Laat vars riviere vloei
en edele en oorvloedige vrugte spruit.
Neem hierdie voedsel en drank
en dra dit na God -
as jou ware aanbidding.

Julian van Norwich

Seën:

Almal Die Here seën die hemelruim bokant ons, die aarde onderkant ons,
sy beeld diep binne-in ons, en die dag uitgestrek voor ons. Amen.

Oordenking 1
'Die hemel getuig van die heerlikheid en die mag van God'

Skriflesing: Ps.19:2-7, 15 en Joh.14:18

Het jy dalk al gewonder oor wat ons Christelike geloof anders maak as ander godsdienste? En tot watter gevolgtrekking het jy gekom?

1. Ons Here God is kenbaar en by ons

Een van die grootste rampe wat ’n mens in sy of haar grootwordjare kan tref, is die van ’n afwesige ouer – fisies of emosioneel. Pa en Ma se afwesigheid kan jou soekend en swerwend laat vir die res van jou lewe. Het jy dalk al tekens van hierdie rustelose soeke gesien by mense wat jy ken, of miskien by jouself? Hierdie hunkering na behoort, speel nie nie net ’n rol by individue nie, maar is ook kollektief in gemeenskappe teenwoordig.

In sy bekende lied ‘Kinders van die Wind’ sing Koos du Plessis: “*Ek ken ’n ou ou liedjie van lewenswel en weë; Van lank vergane skepe in die kelders van die see .... Van swerwers sonder rigting, van soekers wat nooit vind, en eindelik was almal maar net kinders van die wind.*”

Ons, die Christengelowiges is bevoorreg om nie ‘kinders van die wind’ in die sin van soekers na ’n afwesige Ouer te wees nie. Dit is nie omdat ons self so voortreflik is nie. Maar, dit is ons God wat ons nie alleen wil laat nie. Jesus belowe daarom in Johannes 14:18 vir ons sy Heilige Gees se bystand, inwoning en sorg. Só, naby, hier vir ons, is ons Here.

Die Bybel leer ons dat ons Here Homself openbaar en naby aan ons kom.

- Eerstens, leer ons die Here in die skepping ken as die ontsagwekkende ‘Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde’. Al sy handewerk rondom ons vertel ons van sy almag en sy grootheid en sy algemene sorg.

- Tweedens, wys die Here met die geboorte van sy Seun aan ons sy liefde en genade, waarheid en sy trou, as God wat met sy koninkryk hier by ons, tussen ons is.

- Derdens, kom woon die Heilige Gees binne-in ons om ons te troos, te onderrig en te lei.

Ons is nie wees nie en ons tas nie in die duister rond nie. Ons grootse Here is hier naby en ons leef voor sy aangesig. Ons kan nooit genoeg dankbaar wees hiervoor nie. Daarom sing ons saam! (hier of aan die einde kan ’n toepaslike lied of liedere gesing word)

2. Ons Here se skepping getuig van sy glorie en mag

Ons kan gerus vir mekaar vra: Waar, onder watter omstandighede, voel jy baie na aan die Here? (praat gerus ’n minuut of wat hieroor saam).

Ons belewenis van God en die manier waarop ons daaraan uitdrukking gee, is ons ‘spiritualiteit’of ons vroomheid. Dit is die besondere werk van die Heilige Gees wat telkemale vir ons besondere geestelike insigte gee en verskillende bronne daarvoor gebruik (vgl Ps 19). John Eldredge praat hiervan: *‘God is intimately personal with us and He speaks in ways that are peculiar to our own quirky hearts – not just throuh the Bible, but through the whole of creation’*. En as hy nadink oor ’n ‘aardse spiritualiteit’, sê Ernst Conradie is dit om die buitengewone in die gewone op te spoor. Onder die talle voorbeelde daarvan noem hy: *‘om in die see die tintelende krag van ’n brander te voel; om teen skemer daaroor na te dink dat dit nie die son is wat ondergegaan het nie, maar dat dit die groot aarde is wat statig weggekantel het vir die nag...’*. Sulke waarnemings in die skepping laat ons met dankbaarheid, verwonderd en verbaas.

Die Psalmdigter Dawid neem ons in die eerste sewe verse van Psalm 19 op ’n kort maar beeldryke reis deur die hemelruim om die ‘mag van God’ en die ‘werk van sy hande’ raak te sien en só bewus te raak van sy grootheid en heerlikheid.

Teenoor die veelgodedom van die Kanaänitiese natuurgodsdiens destyds praat die skepping, die hemele vir die digter en vir ons van diè enige Skeppergod, van sy liefde en sy sorg. Die ingeboude

ritme, orde, omvang en fyn balans wat die noukeurige waarnemer opval, teken ’n prentjie van ’n Here wat meesterlik en sonder vergelyk te werk gaan. Ons Skepper en sy handewerk is eintlik onbeskryflik wonderlik en groots [Grepe uit die DVD '*Indescribable*' van Louie Giglio kan hier vertoon word https://www.youtube.com/watch?v=oNgJhuICrVA).

3. Ons Here se Seun en Gees kom onder ons woon

God se Skeppingswoord wat ons en ons werklikheid laat bestaan, word voltooi as sy Seun, Jesus Christus onder ons kom woon [vgl Heb.1:1]. Die boek wat die Heilige Gees vir ons oopvou om te lees, te raadpleeg en saam te neem op ons lewensreis, bestaan dus uit twee hoofstukke: die Skepping van alles en Jesus se koms en herskepping binne-in ons werklikheid (inkarnasie).

Dit is alles te diep vir ons verstand. Ons sien net ten dele. Maar as ons daarna kyk, dit bedink, die omvang en die diepte daarvan probeer peil, is ons by ’n lewensveranderende plek waarby ons diep verwonderd staan. En by die punt, hier by die begin van Pinkster, oorweldig ons Here wat skep en herskep ons om soos die psalmdigter te bid: ‘*Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser.*’ [Ps 19:15]

(Gespreksvraag: Jy het dalk al ’n natuurverskynsel beleef wat ’n groot indruk op jou gemaak het. Indien wel, wil jy nie met ons deel nie oor hoe dit jou anders laat dink oor: *God en jouself*?)

Gebed

- Lees Ps 19:1-7 of psalm 148 saam
- Dank die Here vir sy wonderwerkende skeppershart wat grootse dinge doen en sy persoonlike nabyheid aan elkeen van ons.
- Bid saam met die Psalm digter: ‘Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser.’
- Bid saam [stil, beurt- of groepsgebed] dat die Heilige Gees in hierdie tyd ons oë en harte sal oopmaak om omgewingsorg as wesenlik deel van ons eie spiritualiteit/ geestelike lewe te sien en te beoefen.

Oordenking 2
Die die aarde is ons én ons Here se woonplek

Skriflesing: Genesis 1:26-28, 31; Johannes 1:1-5,14

1. Die volle evangelie

Die evangelie gaan oor die verlossing van mense. Dit is waar, maar dit is nie die volle waarheid nie. In die Bybel gaan dit oor die verlossing van die hele skepping. Kolossense 1:20 sê die verlossing wat Jesus bewerk het, raak "alles op die aarde en in die hemel". Die sabbatswette en die jubeljaar, in die Ou Testament dui op die Here se besorgdheid oor sy skepping. Die evangelie het daarom òòk te doen met die verlossing van die aarde. Want die aarde is vasgevang in die slegte dade van mense.

Dit is nodig dat ons hierdie boodskap in sy volheid sal omhels. Want mense is besig om die aarde stukkie vir stukkie dood te maak, hoofsaaklik as gevolg van ons verbruikersmentaliteit om ons eie lewenstyl voortdurend te ‘verbeter’.

Groot veranderings sal in ons lewens moet plaasvind. Alternatiewe energiebronne, die beskerming van die omgewing en natuurlike hulpbronne en toepaslike landswette sal groter aandag moet kry. Ons as gelowiges sal self ’n leefstyl van groter eenvoud moet toepas.

2. Die aarde is God se skepping

Ons probleem is dikwels ’n eensydige verstaan van Genesis 1. Asof Gen 1:26 en 28 beteken dat ... die aarde onderwerp moet word, "mak" gemaak, ontgin en opgebruik moet word; dat alles ter wille van ons mense geskape is; dat God eintlik net in ons mense en ons welsyn en verlossing belangstel; en dat die skepping maar slegs die agtergrond, die dekor is vir die drama waarteen ons mense se verlossing afspeel.

Ons moet die "heers" egter verstaan in die lig daarvan dat ons as mense geskep is om "God se beeld" te vertoon. Dit beteken daarom dat ons soos God met die natuur moet omgaan: liefdevol, versorgend, opofferend. Want in die skepping gaan dit om God se eie tuin!

3. Die aarde is God en ons woonplek

Johannes 1 help ons om in te sien dat die aarde ook God se woonplek is. Die Woord deur wie die aarde geskep is, het mens geword en tussen ons kom woon, saam met ons, as een van ons. Ons woonplek is ook God se woonplek.

As ons as gelowiges wil help om die aarde te red, sal ons nie net water spaar en elektrisiteit oordeelkundig gebruik nie. Ons sal die implikasies verreken dat die aarde eintlik God self se woonplek is.

Daarom het die manier waarop ons met die aarde omgaan en daarvoor omgee nie net met ons denke oor aardverhitting of met aksies vir omgewingsbewaring te doen nie. Dit is ’n dieper saak. Ons verhouding met die aarde het eintlik met ons godsdiens te doen, met ons Here self.

Ons weet dat as mense mekaar haat, mishandel en seermaak, dan treur God self daaroor, want daar is onvrede tussen ons as skepsels. Net so maak dit die Here hartseer as mense die aarde misbruik, dit verniel en uitput, want die aarde is ook syne.

As ons verstaan dat die Here nie net die aarde gemaak het nie, maar dat Hy ook saam met ons hier woon, sal ons verstaan dat ons nie blote verbruikers van die aarde is nie. Ons sal insien dat ons verantwoordelikheid verder en dieper strek as om maar net die aarde te red vir ons kinders.

Ons het eintlik ’n groot verantwoordelikheid omdat ons die Here liefhet en omdat hierdie sy aarde is en omdat dit ons én sy eie woonplek is. Die Nuwe Testament leer ons dat Christus met sy wederkoms terugkom na die aarde toe. Ons gaan saam met God wees en vir ewig op die nuwe aarde onder ’n nuwe hemel bly. Juis daarom moet die aarde vir ons belangrik wees.

4. Wat staan ons te doen?

Vir gelowiges gaan dit nie maar om elektrisiteit en brandstof te bespaar, papier en glas te hersirkuleer en met minder klaar te kom nie. Dit gaan dieper, oor ons verhouding met ons Here, met mekaar maar ook met sy skepping.

Dit vra egter ook dat ons godsdiens nie net sal bestaan uit Bybellees en bid nie. Juis as ons elektrisiteit en water bespaar, en as ons papiere en glas herwin, en as ons ’n eenvoudiger leefstyl aankweek - is ons met godsdienstige handelinge besig!

Christene kan nie net bekommerd wees oor die verlossing van mense nie. Ons moet ons ook beywer vir die verlossing van die aarde - die aarde wat deur God geskep is, die aarde waarop en waarin God teenwoordig is, die aarde wat óns tuiste is ... én die tuiste van die Here wat ek en jy aanbid.

As ons Hom liefhet, sal ons ook sy woonplek liefhê ...

Gebed

- Ons betuig ons dankaarheid teenoor die Here vir die skoonheid van sy Skepping
- Ons vra Hom om vergifnis vir die vernietiging van sy skepping weens ons hebsugtige verbruikersmentaliteit
- Ons vra wysheid van ons Here om so met sy skepping om te gaan dat Hy self daardeur geëer word.

Oordenking 3

Die aarde behoort aan die Here en juis daarom waardeer en versorg ons dit

Skriflesing: Kol. 1:15-20 (fokusteks vers 20b)

1. ’n Wonderlike lied uit ’n tronksel

Die loflied, wat oor die kosmiese (allesinsluitende) heerskappy van Christus sing en wat ons hier lees, is geskryf in ’n tronksel…. vir ’n stukkende kerk…. in ’n stukkende samelewing….’n kerk wat in diep driwwe van kortsigtigheid vasgeval het en hul uitsig op God en lewe op die aarde verloor het. Ons is nes die kerk in Kolossense. Ons val vas in die driwwe van bietjie sien en min verstaan, máár hierdie loflied trek ons, soos ’n sterk tou, weer uit ons driwwe uit en help ons om weer met helder oë na ons Here en ons aarde te kyk…

Want wanneer ons geloofsuitsig op God goed is, waardeer ons die aarde en alle dinge daarop…sodat ons weer kan leef soos Hy verlang (Kol.1: 10); sal ons vrug dra deur goeie werke en sal ons toeneem in kennis van God (Kol.1:10b); en weer met blydskap ons Vader dank, wat ons deel gemaak het van so ’n wonderlike erfenis (Kol.1: 12).

2. Christus se verlossing is ook vir die aarde belangrik

Hoe meer die kerk uitsig en insig in Christus verloor, hoe minder ons ons verlossing in Christus verstaan, hoe minder verstaan ons die implikasie van ons verlossing vir ons aardse bestaan. Dan verstaan ons ook nie wat ons bid nie as ons bid: “Laat u Naam geheilig word; laat u Koninkryk kom; laat u wil ook **op die aarde g**eskied, net soos in die hemel…” dan leef ons in twee wêrelde: Die geestelike (met ’n bietjie bid en ’n bietjie kerk) en die aardse lewe waar ons werk en speel en veg om te oorleef. In hierdie twee wêrelde is God en die aarde vreemdelinge vir mekaar. Die aarde is vir ons soos ’n goedkoop vrou, wat ons maar kan misbruik, want sy het geen waarde buiten die bevrediging van ons menslike en selfsugtige behoeftes nie.

Máár hierdie pragtige loflied, trek ons uit hierdie kortsigtigheid uit en help ons om die kruis van Christus beter te verstaan, ook met betrekking tot ons aarde en alle dinge daarop.

Kom ons lees weer vers 20: deur Christus is alles op die aarde en in die hemel met God versoen.

3. Alles, ook ons, behoort aan Christus die Here

Hoe dieper ons insig is in wie Christus is, hoe meer verstaan ons dat alles op aarde, almal en alles aan God behoort. Dit is versoen met God. Die vloek is opgehef. God wandel weer op die aarde in die koel aandwind. ..hulle is versoen…God se Gees het neergedaal na die aarde. God maak tempel in die lywe van mense. God se rug is nie meer na die aarde gedraai nie. God kyk met vriendelike oë na die aarde en alles daarop.

Pinkster leer ons dat hoe meer insig ons kry in ons verlossing in Christus, hoe meer sal ons die aarde waardeer en daarvoor sorg. Die aarde met al haar goedheid behoort aan die Here. Dit is veronderstel om ’n seën vir almal te wees. Dit is veronderstel om deur almal gerespekteer en versorg te word.

Juis dit het Christus self kom doen. Hy is die beeld van God. God woon in sy volle wese in Hom. Hy is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. Alles is deur Hom geskep. Alles is vir Hom geskep. Ja, hoor dit goed: *Alles is vír Hom geskep*.

Máár dieselfde Christus, vir wie alles in die skepping gemaak is, is ook die hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam. Sy hande op hierdie aarde wat vir Hom gemaak is. Christus kom eis weer sy skepping op vir Homself. Deur sy bloed aan die kruis is alles met God versoen en Hy eis sy skepping liefdevol op. Hy plaas vir ons sy kerk juis hier in sy skepping om sy eienaarskap oor alle dinge liefdevol "op te eis".

Wees daarom bly, alle kinders van God, want ons loop op ons broer Christus en ons Vader se grond. Dit is vol goedheid en seën, want dit is deur Jesus met Homself versoen. Alles behoort inderdaad aan Hom.

4. Die tronklied inspireer ons nou, hier...

Ons het ’n loflied gelees, wat baie lank gelede in ’n tronksel geskryf is, aan ’n kerk met ’n beperkte insig in die versoening in Christus. Soms, as ons dit self probeer sing, is die loflied van noot af. Nogtans trek dit ons selfs vandag na plekke met groter uitsig op God, wie Christus werklik is, en die waarde van die aarde waarop ons leef: Die aarde en alles daarop behoort aan die Here!

Laat ons die aarde en alles daarop , ook die natuur, ons grond, ons gesinne, ons politiek, weer liefdevol opeis as die eiendom van ons Here Jesus Christus. Dit was vir Hom geskape. Dit is syne, met al die goedheid en oorvloed daarvan.

Gebed

- Ons dank die Here vir sy kragtige woord en vanaand se loflied daaruit
- Ons bely teenoor Christus dat Hy inderdaad die Here is van alles en van almal, al vergeet ons dit dikwels
- Ons bid vir sy krag en genade om sy waarderende en sorgsame verteenwoordigers te wees oral waar ons in sy eiendom bly, werk en speel en om sy heerskappy daar te bevestig.

Oordenking 4
Ons Here se Gees heers in ons en gee aan ons insig...

Skriflesing: Ps 8 en Rom 8:9-11

1. <u>God se vingerwerk, die heelal</u>...

Dawid het homself sekerlik baie nagte verwonder aan die sterreprag in die hemel, terwyl hy sy pa se skape moes oppas in die veld. Geen wonder dat hy hierdie pragtige loflied oor die skepping kon skryf nie. Kyk maar net vanaand weer op na die hemelruim en beleef iets van hierdie verwondering oor die grootheid van God. Dis asof God se vingerpunte saggies oor die heelal streel en ons sy vingerafdrukke kan sien in die melkweg en in die ander sterformasies.

2. <u>En die mens se plek hierin?</u>

Sonder al die wetenskaplike kennis wat vandag tot ons beskikking is oor die grootheid en wydheid van die kosmos het Dawid al gewonder en gepeins oor die plek van die mens midde in hierdie grootse handewerk van God. *Wat en wie is die mens dan?*

Aan die eenkant is hy verbaas dat die magtige Skeppergod kinders en suigelinge gebruik om sy eer te verdedig teen sy vyande en teenstanders.

Aan die ander kant is hierdie "kind van die mens" hierdie *Ben-adam, (*dit dui op die tydelikheid, aardsheid, kleinheid van die mens) net minder as 'n hemelse wese met 'n baie groot verantwoordelikheid.

Kyk na die vier werkwoorde wat Dawid gebruik om die posisie en opdrag van die mens aan te dui in verse 6 en 7.

- U het die mens net minder as 'n hemelse wese **gemaak**
- Die mens met aansien en eer **gekroon**
- U laat die mens **heers** oor die werk van u hande
- U het alles (mak diere, wilde diere, visse en voëls) aan die mens **onderwerp**

Die Skeppergod stel die mense aan as bewaarder van die natuur (*custos naturae*). Die mens se opdrag: om met groot sorg om te gaan en die skepping en dit met groot verantwoordelikheid teenoor God en medeskepsels te bestuur.

3. <u>Ons mis ongelukkig ons doel</u>

Hoe suksesvol is ons met hierdie opdrag? Is die skepping dankbaar en tevrede met hierdie bestuurder wat God aangestel het? Of kreun die skepping onder die oorheersing van ons mense?

Ongelukkig sien ons oral rondom ons tekens van magsmisbruik teen en verwaarlosing van die skepping. Daar is baie redes daarvoor maar kom ons kyk kortliks na die volgende:

- *Ons, die mens (dink ons) is die sentrum van alles* (<u>antroposentrisme</u>)

Die Griekse filosoof Protagoras het al geskryf : "Die mense is die maatstaf van alles" Alles draai om hom of haar en hulle dikteer wat gedoen word, altyd slegs tot eie voordeel.

- *Ons soek mag en oorheersing*

Volgens Francis Bacon is kennis mag en die taak van die wetenskap dus om die natuur te dwing om sy geheime bekend te maak. Daar is ’n groot verskil tussen oorheers en bewaar.

- *Ons neem aan dat ons onuitputlike bronne het*

Om te leef en te werk asof daar altyd skoon lug, water, sal wees ongeag wat ons doen en die invloed daarvan op die toekoms.

- *Ons het ’n verbruikersmentaliteit*

Die lewensinstelling van “ ek dink, daarom is ek” het verander na, “ek verbruik, daarom is ek”

Solank die mens kan besit en verbruik, is hy of sy gelukkig ongeag wat dit van die omgewing en selfs ander mense vereis.

4. Die Gees van God vernuwe en herskep, ook deur ons...

Indien ons die boodskap van Psalm 8 reg verstaan en ernstig opneem, sal ons as Christene ons ekologiese verantwoordelikheid nie as ’n luukse kan beskou nie maar as ’n opdrag van die God wie se vingermerke elke aand in die hemelruim sigbaar is. Die vraag is wel hoe "ons" dit gaan regkry?

Die tema van die Wêreldraad van Kerke se vergadering te Canberra in 1991 verwoord ons versugting en sluit aan by ons teks uit Rom 8: *“Kom Heilge Gees, vernuwe die ganse skepping”*

God-Drie-Enig wat reg aan die begin, die skepping uit niks gevorm het, is ook met die herskepping besig.

Rm 8: 11 “ Omdat die Gees van Hom (die Vader) deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy (die Vader) deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.”

Die opstanding is die beginpunt van die nuwe skepping. Die Gees wat in ons woon, maak dit vir ons moontlik om nuut en anders te leef. Ons word mos nie meer beheers deur ons sondige natuur nie, máár deur die Gees.

Nou is dit ook vir ons moontlik om deel te neem aan die vernuwingswerk van die skepping.

Ons moet met die wysheid en onderskeiding van die Gees ons verantwoordelikheid as bewaarders van die natuur (*custos naturae*) nakom en op verskeie vlakke van die samelewing die gekerm van die skepping verander in ’n loflied soortgelyk aan die lof wat Ps 8 aan God bring.

Elke gelowige en elke gemeente moet daardie stukkie skepping waar God hulle geplaas het bewaar en tot sy eer vernuwe.

God planted a little bit of God in you (Romans 5:5) and in all of creation too (Romans 8:18-22). We call it the Indwelling Holy Spirit, and it's the part of us that just keeps yearning for God. It is a ticking life-bomb (Richard Rohr).

Gebed

> Today, Father, this blue sky lauds you.
> The delicate green and orange flowers of the tulip poplar tree praise you.
> The distant blue hills praise you,
> together with the sweet-smelling air that is full of brilliant light.

The bickering flycatchers praise you
with the lowing cattle and the quails that whistle over there.

I too, Father, praise you, with all these my brothers,
and they give voice to my own heart and to my own silence.
We are all one silence, and a diversity of voices.
You have made us together,
you have made us one and many,
you have placed me here in the midst
as witness, as awareness, and as joy.

Here I am.
In me the world is present,
and you are present.
I am a link in the chain of light and of presence.
You have made me a kind of center,
but a center that is nowhere.
And yet also I am "here."

Thomas Merton: *Conjectures of a Guilty Bystander*

Oordenking 5
...om die skepping te sien en die Skepper te loof

Skriflesings: Job 38: 1-11, 25-27, 39: 8-11, 29-33, 40:10 - 14, 42: 1-6

1. Die Woord praat oor die skepping

Die Bybel is vol verwysings na die skepping. Die bekendste gedeeltes is Gen. 1, Gen. 6-9 en Ps. 8, Ps. 19 en Ps. 104. Job 38-41 is nie bekendste gedeelte nie, maar is die langste enkele deel in die Bybel wat praat oor die skepping (129 verse!) Dit is ’n pragtige bekendstelling van die natuurlike wêreld, van strande wat bruis tot by die arend nes hoog teen die kranse. Dit vertel van lig en donker, reën, sneeu en storms, van die ibis, kraai en ooievaar, van die leeu, bokke en wild donkie en van plante en bosse. Hierdie gedig neem jou uit jou huis en jou stad na die skepping, die berge, bosse en diere. Hierdie lied oor die natuur is in die vorm van meer as sewentig vrae.

Ons ontmoet Job in hoofstuk 1 as ’n vroom en opregte man wat God dien en wat afwyk van die kwaad (Job 1: 1,8). Satan verskyn voor die Here en beskuldig Hom dat Job Hom net dien, omdat God hom beskerm. Die Here antwoord Satan: “Alles wat hy het, gee Ek in jou mag oor. Net aan hom self mag jy nie raak nie” (Job 1:12). Job dra geen kennis van hierdie gesprek tussen God en Satan nie.

Skielik, tref rampe vir Job en sy gesin: eers word sy beeste en donkies gevang en weggevoer; dan slaan weerlig die skape en die herders dood; volgende word die kamele gesteel. Om sake te vererger sterf Job se sewe seuns en drie dogters in ’n storm. Job skeur sy klere en sê**:** “Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here.”

Job word dan persoonlik met pynlike sere getref. Sy vrou se raad is: “Vervloek God en sterf! Job reageer: As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?”

Toe sy drie vriende, Élifas, Bildad en Sofar, van sy rampe hoor, kom bewys hulle simpatie en meegevoel aan hom en wil hom troos. Hulle is so geskok deur Job se toestand het hulle sewe dae en sewe nagte nie ’n woord uitkry nie.

Uiteindelik begin hulle praat. Hulle probeer verduidelik waarom die vrome en opregte Job skielik getref is met soveel rampe. Hul standpunt is eenvoudig: As iemand ly, moet hy of sy gesondig het. God straf altyd die sonde; en wanneer ’n persoon voorspoedig is, beteken dit hy of sy is vroom en word deur God beloon.

Die vriende se raad aan Job is eenvoudig: Job, moenie die sonde in jou lewe wegsteek nie - bely dit!

Job kan nie hierdie eenvoudige en maklike antwoorde oor sy ellende aanvaar nie. Hy is oortuig daar is meer aan sy lyding as net straf vir sonde. Job glo nie daar is ’n kits-antwoord vir elke situasie en probleem nie. Job se stryd in die krisis is nie oor die aardse besittings en sy kinders wat hy verloor het nie; Hy vrees dat hy te midde van die krisis vir God verloor het.

2. <u>Job ontmoet die maaksels en hulle Maker</u>

Job is raadop toe hy uitroep: “is daar dan niemand wat na my luister nie! My saak het ek gestel: nou moet die Almagtige my antwoord.”(Job 31:35)

Job het so baie onbeantwoorde vrae. Hy is ontsteld, maar nie ontsteld oor die dinge wat hy verloor het nie, maar oor God wat swyg.

God begin dan in Job 38 praat. Nie uit ’n majestueuse kerkgebou met ’n hoë toring, ’n wonderlike orrel en gebrandskilderde vensters nie. God neem vir Job na die skepping. Hy neem hom na die natuur en stel hom daaraan bloot soos nooit tevore. God vra hom uit oor die skepping: Job, was jy daar toe dit alles geskep is, toe die see opgedam is, toe die begin wolke saamgepak het? Job, weet jy waar die weerlig vandaan kom? Job word gekonfronteer met vrae oor die reën, die weerlig, voëls, diere, berge, riviere en moerasse. Job verstaan jy iets oor die vryheid van die wilde donkie of waarom die aasvoël sy nes hoog teen die kranse bou? Die vraag aan Job is - wanneer jy dit alles sien, verstaan jy iets van die kompleksiteit daarvan, verstaan jy iets van die wonder van God, of verstaan jy iets oor die oordadigheid van God se skepping? Job, wat is jy in vergelyking met die uitgestrektheid van die heelal?

In hierdie hoofstukke verklaar God nie alles aan Job nie. In plaas daarvan, kry hy ’n kykie in die grootheid, skoonheid en uitspattigheid van die skepping en die Skepper. En Job reageer: "Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp nie, u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou in sak en as." (Job 42:3 - 6)

Job kom tot rus en kry vrede, nie as gevolg van die verduidelikings van sy vriende nie. Hy kry nie antwoorde tydens ’n preek of ’n beradingsessie nie. Hy vind vrede en troos wanneer God sy oë oopmaak om die skepping, die natuur, die bome, die blomme, die skoenlappers, die aasvoël en die seekoei te sien. Wanneer hy besef hoe klein hy is en hoe groot God, die Skepper van die heelal is - dan vind hy vrede. Job besef dat net soos God sorg vir die aarde, sorg Hy ook vir ons gewone sterflinge. Job kry geen direkte antwoorde by God nie. Hy kom te midde van die spel van die skepping tot die besef dat hy in God se teenwoordigheid is. Dáár vind hy vrede en troos.

3. Die skepping sien en die Skepper loof!

So baie mense het vrae oor die verlies soos Job. Hulle ly a.g.v. misdaad of siekte. Hulle sukkel met vrae oor die lewe. Hierdie gedeelte leer ons dat ons nie net antwoorde in die kerk of in preke, of in die geskrewe Skrif vind nie. God praat deur middel van die natuur, Sy skepping.

"Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie". Rom 1:20

Deur die geskiedenis stem mense saam daar is twee tipes openbaring: "Besondere openbaring" - in die Bybel as die geskrewe woord van God, en "Algemene openbaring" waar God homself in die natuur openbaar. Ons is geneig om te dink dat God net met ons kan praat deur die geskrewe woord, deur preke of die lees van die Bybel, terwyl ons maklik vergeet God praat ook met ons deur die natuur.

Soms wanneer ons probleme soos Job ondervind van groot pyn en verlies, val mense se raad baie maal op dowe ore. Dan help dit nie om te luister na ander mense wat vertel wat God sê nie of om die Bybel aan te haal nie. In sulke tye moet ons Job se voorbeeld volg. Gaan na die natuur. Loop op die strand of in die bos, sit onder en boom en stort jou hart voor God uit. En God sal jou beantwoord. Laat die Skepper jou met sy teenwoordigheid in die skepping bedien. Sien die skepping en loof die Skepper!

Gebed

- Dank die Here vir Job se storie en die oproep dat ons sy skepping sal fokus
- Dink aan die skepping en gee al jou/julle stryd, lyding en seer aan die Here oor.
- Fokus op die skepping, sien die Skepper en vat moed vir vandag en môre se uitdagings.

Oordenking 6
… om sy skepping se sugte te hoor

Skriflesing: Rom 8:19-22

1. Redding vir meer as die mens

Die groot tema van die Romeinebrief is: God wil redding bring … God wil verlossing gee aan almal wat glo (Rom 1:16; Rom 5:8). Ons teks in Romeine 8 onderstreep dat hierdie redding op meer as net mense gemik is – Die Here is immers God van die hele skepping en daarom is die nuwe aarde ook deel van ons Here se groot plan.

2. Die skepping is in kraam

Die apostel leer ons dat vanweë die eerste Adam se ongehoorsaamheid ook die skepping swaarkry en sug in die die pyne van verwagting op die nuwe wat gebore sal word uit die oue (die skepping is letterlik in "barensnood" OAV; "the whole creation groans and labors with birth pangs" NKJV). Die sonde het nie net die mens in sy/haar wese geraak nie. Ook die omgewing waarin ons woon kry elke dag swaar as gevolg van die mens se gierigheid, hebsug en uitbuiting deur besoedeling (water, lug – gifstowwe, fosielbrandstof), uitbuiting van die omgewing (om oeste uit die grond te haal sonder om enigiets terug te sit of die grond die nodige rus te gun) (Prakties sou die prediker hier voorbeelde kan noem). Uiteindelik word nie net die mens nie, maar ook sy/haar woonplek stelselmatig vernietig en die aarde raak vir die mens 'n bedreiging waar ons onveilig voel. Want, soos iemand dit beskryf: die mens is vir die mens 'n wolf ("homo homini lupus est").

3. Nuwe mense met nuwe oë, bring hoop

Die Tweede Adam (Jesus Christus – vgl Rom 5) bring verlossing en nuwe lewe en nuwe moontlikhede vir die mens – én óók die skepping (vgl bv Joh 10:10). Nuwe mense kyk met nuwe oë na die verhoudings rondom hulle – met God, met die self, medemense en die natuur. Die natuur is die mens eintlik voor – te midde van die sugte van verwagting gee die natuur telkens vir ons die tekens van hoop, wys die veld die herstel en die nuwe moontlikhede. Ná die koue en doodsheid van die winter kom die lente met blomme en nuwe blare, groei en lewe; na goeie reëns staan die grasse skouerhoogte, wuiwend. Ons kan maar net prakties kyk na hoe die natuur haarself "herskep" na ’n ramp – die nuwe wat uitspruit na ’n brand (Praktiese wenk: Soek op die internet na foto's van die nuwe plante, blomme en struike wat uitspruit na die groot Weskaapse brande in Maart 2015); vleilande wat na rehabilitasie weer skoon water aan die omgewing kan lewer; plante en bome wat die koolstofvoetspoor kan kleiner maak (bv die Spekboom in die besonder). Die natuur het eintlik die vermoë om die mens se vernietiging om te keer, maar dan sal ons die natuur daarmee moet help.

4. Kom, O Skeppergees...

Pinkstertyd is die tyd van die Heilige Gees – "kom, O Skeppergees" sug die gemeente daarom ("veni Creator Spiritus"). Want, die Gees bring in die mense verandering, nuwe lewe, hoop. Prakties moet lidmate dan gehelp word (bemagtig word) om die nuwe hoop te gaan lewe en te gaan uitdeel – dit is deel van ons roeping. Dit vra dat ons as gelowiges ook na ons omgewing sal uitreik (missionaal; missio Dei) met herstel en balsem vir die wonde (vgl Liedboek 488:3), net so ernstig as wat ons na verlore mense uitreik. As Geesvervuldes behoort ons alles in ons vermoë te doen om te herwin, skoon te maak in woonbuurte, op strande en langs riviere, skoon en hernubare energie aan te wend. Die goeie nuus van die Evangelie is ook bedoel vir berge, bosse, vlaktes, grasse stroom en wind, want die Seun "kom maak weer heel wat sonde hier gebreek het" (Liedboek 464:2 en 3 / Sionsgesang 29:2 en 3).

Gebed

- Bid dat die Heilige Gees die kerk, lidmate, leiers sensitief sal maak *om fyn te luister* na die sugte van die skepping – daar waar moet ons in ons onmiddellike omgewing ’n verskil gaan maak (bv rivier skoonmaak, herwinningsprojekte, aanplant van bome)
- Bid dat gelowiges deur *gesonde verhoudinge sal leef* en prakties betrokke sal wees met "herskepping" – met bure, leiers, owerhede en organisasies (munisipaliteite en NGOs wat in omgewingsprojekte werk).
- Bid vir navorsingsinstellings wat inligting insamel om vir ons te help om bewus te wees van die omgewing en die veranderinge wat plaasvind (bv Animal Demography Unit (UCT) www.adu.org.za wat ook gewone mense bemagtig om ambassadeurs vir biodiversiteit te wees).

Oordenking 7

...om die aarde se integriteit te respekteer

Skriflesing: Jes 45:1a, 5-8

1. ’n Wêreldse perspektief

’n Mens sou hierdie oordenking kon begin met die stelling dat ons nie vir God kan verstaan deur na die aarde te kyk nie, maar dat ons wel die aarde kan verstaan deur na God te kyk. Die Heilige Gees

neem ons altyd weer terug na die Bybel, vertel ons altyd weer van die Seun en die Vader. Só gee die Gees vir ons ’n bril waardeur ons die wêreld kan begryp.

Die mense van Babilon, die stad waar die Israeliete in ballingskap was, het nie hierdie voorreg van die Gees en die Bybel gehad nie. Hulle het daarom by die wêreld begin en toe geraai hoe God moet wees. Hulle het gesien daar is lig en donkerte, reën en droogtes, en al die ander teenoorgestelde gebeurtenisse in die natuur. Dit kan nie alles uit die hand van één God kom nie, het hulle vir hulleself gesê, en toe verskillende gode vir die teenoorgestelde pole van die gebeurtenisse in die wêreld uitgedink.

Dit gebeur vandag nog, selfs met ons, as ons net die mooi en troosvolle teksies uit die Bybel oor en oor lees. Dan kom ons so onder die indruk van die voorspoed wat God belowe, dat ons teenspoed dadelik aan die duiwel toeskryf, asof hy naas God ’n mag in die skepping is.

2. <u>God alleen is Skepper!</u>
Die Jode wat in babel in die ballingskap was, moes ook leer dat God alleen die skepper van die hemel en die aarde is. Die Heilige Gees moes deur die profeet vir hulle die insig gee dat God op maniere kan optree wat nie inpas in ons prentjies wat ons van Hom teken nie. Hulle was so seker dat God hulle sou red uit die ballingskap deur ’n Joodse koning en Joodse soldate. Die Here sê egter vir hulle dat Hy hulle wil red en terugstuur na Jerusalem deur ’n heidense koning, Kores, wat Hy selfs sy messias noem. Dit was vir hulle ondenkbaar!
Daarom sê God vir hulle: "Ek maak die lig en skep die donker; Ek gee voorspoed en skep rampspoed. Ek is die Here, Ek doen al hierdie dinge." (Jes 45:7). Goed en kwaad in die skepping kom uit God se hand. Hulle moet met die bril wat die Heilige Gees vir hulle opsit na die natuur kyk en weet dat hierdie Skepper wat voorspoed en rampspoed skep, lig en donker maak, in staat is om sy wil te laat geskied op maniere wat ons soms laat kopkrap.

3. <u>Respek vir ons Skepper en sy skepping is ’n seën vir alles en almal</u>

Dit beteken nie dat rampspoed in die natuur altyd uit God se hand kom nie. Daar is ’n rampspoed wat uit God se hand kom, maar daar is ook ’n rampspoed wat uit ons mense se misbruik van die natuur spruit. Al die baie rook en uitlaatgasse van ons motors en fabrieke; al die plastiek wat ons oral rondstrooi; al die water wat ons so besoedel; al hierdie dinge gaan nog aanleiding gee tot groot natuurrampe in die toekoms. As ons verstaan dat hierdie die Here se aarde is, en dat ons dit moet oppas, weet ons ook mos dat ons die reg om dit so te bemors en te beskadig nie vir onsself mag toeëien nie.

As ons God verstaan as die enigste Skepper, respekteer ons die natuur. En as ons die natuur respekteer, respekteer ons die Skepper van die natuur. En dan is ons oë ook sommer oop om die ongewone manier waarop ons Here soms dinge doen, raak te sien en ons daaroor te verwonder. Wie dit regkry, leef altyd met die verwagting dat ons Here ons op verrassende maniere gaan seën en versorg, om op ons beurt uit respek vir ons Here en sy skeppingswerk weer ander te seën en te versorg.

Gebed

Lied 190 (Liedboek) se verskillende strofes kan as riglyne gebruik word vir gebed na aanleiding van hierdie Jesaja teks en ons oordenking. Veral die derde strofe kan skeppend gebruik word.

- U, oor alles God en Hoof, (eers ’n paar gebede wat God loof omdat God hoof oor alles is)
- open oë van geloof (’n gebed of twee wat vra dat ons oë van geloof geopen mag word vir die integriteit van God se werke).

- dat ons sien, geen goed of kwaad
  word aan toeval oorgelaat: (gebede wat vra dat ons almal ook in die donker, die storm, die gifspinnekop en die slang God se heerlike hand sal herken)
- Bokant ons begrip, verstand,
  hou U al wat is in stand. (Gebede wat vra dat die Here ons sal seën met die gawe om steeds vol verwondering te leef en te laat leef)

Oordenking 8
…en die aarde te versorg

Skriflesing: Genesis 2:4-15

1. Traak-my-nie-agtigheid onthuts die kunstenaar

Coenie Theys, 'n lidmaat van die VGK Bellville, en 'n bekende skilder, het in die tagtiger jare 'n kosbare skildery gemaak met voorstellings van Tafelberg en die Koeberg kragsentrale in die agtergrond en 'n barre landskap - wat herinner aan die Knersvlakte - op die voorgrond. Kunstenaars maak dikwels sulke sosiale kommentaar. Die lees van vers 5 het hierdie skrikbeeld uit die kunstenaar se hand opgeroep. Want dit wil ons waarsku om nooit so traak-my-nie-agtig te word dat ons eintlik wesenlik streef na 'n "ongeskape aarde" nie (Van Dyk).

As gelowiges en as gemeente van Christus bely ons juis in skerp teenstelling hiermee in die eerste artikel van die Twaalf Artikels (Apostolicum) iets anders: Ek glo in God, die Vader, die *Skepper van hemel en die aarde…***"** Dit is ons eie oriëntasie. Ons is nie traak-my-nie-agtig, want dis God se aarde.

2. Die Genesisverhaal fokus op ons Skepper en sy goeie werk

As mens vers 4 letterlik lees en veral die begrip "geskiedenis" (OAV) reg verstaan, hou ons 'n heel oorbodige debat oor die geloofwaardigheid van die verhaal se inhoud en van die skeppingsverhaal. Want eintlik het ons hier te doen met "verhalende Teologie" en nie met "wetenskaplike geskiedskrywing" nie (D Lawrie). Vandag vra ons tog so graag persoonlike vrae aan hierdie "storie-teologie". "Hoe raak dit my of ons? Waar pas ek of ons in hierdie storie in?" wil mense weet. En dit natuurlik ten onregte. Daar is wel 'n paar belangrike sake wat die verhaal vir ons toelig:

Eerstens hoor ons duidelik die benaming vir ons Skepper is: "HERE Here"(OAV; Jahweh Elohim by verse 4,5,6,8,9,15). Kenners van die Ou Testament sê dat hierdie benaming vir God ons help om die verhale se ontstaanstyd te plaas in die tyd van die Babiloniese ballingskap. Die nuwe oorheersers in wie se land die Godsvolk hulle toe bevind het, het die skepping as die werk van hul eie gode beskryf. In hierdie konteks moes Israel toe rekenskap gee van hul eie geloof. Hulle identiteit het juis nou saamgehang met hulle sentrale belydenis dat die God van Israel inderdaad die Skepper van die hemel en die aarde is.

Dit val tweedens op dat al die basiese begrippe wat met grond te make het in die Ou Testament, "aarde (vv.4,6,7), grond (v.5), veld, landerye (v.5), plek (v.8)" in ons gelese perikoop voorkom! Die skeppingstorie in Genesis met God as die een wat handel met die aarde en die grond woel 'n menigte ander latere verhale van misverstand en misbruik met betrekking tot grond by ons los, in die Bybelse en ook in ons eie tyd! Ons tema en die gedeelte beklemtoon juis dat die aarde, grond, velde, plek aan die Here self behoort.

Die noue verbintenis tussen die mens en die aarde, word derdens in die oorspronklike taal in 'n pragtige klankspel na vore gebring: aarde (adamah) en mens (adam) is so verwant, en saam is ons die eiendom van ons Skepper Here. Ons Here is self inderdaad die handelende Een by die

skeppingsaksies van plant (v.8) en “laat uitspruit” (v.9). En Hy gee ook aan die mens ’n plek in die tuin (v.8). Die Here “neem en stel aan” (v.15) en Hy gee bevel (v.15). Hy lê die verbande en bepaal ons verhoudinge

Dit val in die vierde plek op dat ’n aansienlike deel van ons teksgedeelte vir vanaand se oordenking ’n vertelling is oor die rivier wat in vier lope verdeel is (vv.10-14). Die oorspronklike skryfwyse suggereer dat die rivier standhoudend is! Water, die lewensbron word gedeel! Die uitdruklike doel van die rivier was om die Tuin, die blyplek en kosplek, mee nat te maak (v.10). Alles en almal moes versorg word, moes deel in God se sorg.

3. Ons omgang met moeder aarde is eintlik ’n geloofsaak

Laastens dui die skryfwyse van vers 15 ook op die uitdruklike doel vir die mens se teenwoordigheid in hierdie Tuin: Om die aarde te bewerk en dit te bewaar. Voor die Land van die Belofte, die Godsvolk “uitgespuug” het (Lev. 18:25,28) in die Ballingskap, is hulle na aanleiding van Jesaja 28:23-29 deur die HERE self onderrig om die land effektief te verbou.

Ons omgang met Moeder Aarde het dus volgens ons teks alles te make met ons eie geskapenheid, ons geloof, ons verantwoordelikheid en daarin met ons eie voortbestaan hier! Kortom: ek en jy is gelowige "mense met ’n ekologiese verantwoordelikheid” (Van Dyk). Ons skeppingdoel is om God se skepping te help oppas en dit met mekaar op verantwoordelike wyse te deel.

Gebed

- Ons begin vanaand by onsself. Kom ons bid vanaand vir liefde vir onsself as die Here se skepsels (n.a.v. Matt. 22:37-40), want soos wat sommige van ons met Moeder Aarde - ons lewensbron, ons bestaansgrond - omgaan, lyk dit asof ons onsself en ons nageslag nie liefhet nie!

- Kom ons bid vir almal betrokke by grond en voedselsekuriteit: produsente, werkers, regerings. Kom ons bid ook vir die werk, werkskepping en vlyt. (Dink bv aan die Projek: Farming God’s Way. [www.farming-gods-way.org of .] of Foundations for Farming.]

- Kom ons bid vir die omkering van die negatiewe effek van Globalisasie op toegang tot gesonde voedsel.

- Kom ons bid vir die bewaring van die aarde en die bedreigde plant- en diere spesies. Aardverwarming en die beskikbaarheid/effektiewe bestuur van water. Gelukkig is die beoogde soeke na aardgas in die Karoo tydelik van die baan. Ons het rede tot lof en bid die Heilige Gees om ons ekologies verantwoordelik te hou!

Oordenking 9
...om vrygewig en dienend met ons mede skepsels om te gaan

Skriflesing 2 Kor 9:10-15

(’n Praktiese wenk: *Voor die oordenking kan die gemeentelede vir mekaar vertel van die nood van medemense hier plaaslik, nasionaal en internasionaal. Lees dan 2 Kor 9 en doen die oordenking. Na die oordenking laat die gemeente vir mekaar vertel hoe hulle die nood van medemense: plaaslik, nasionaal en internasionaal gaan aanspreek en laat hulle dan bid vir die medemense in nood.*)

1. Ons leef in ´n selfsugtige samelewing

Ons leef in ´n selfsugtige samelewing, vol eiebelang, waarin die wat het meer word en die wat nie het nie ook meer word. En die oorheersende gees van ons tyd is ´n gees van selfsug.

As ons mense moet help vra ons graag: Wat kry ek daaruit? Wat gaan ek baat daarby om vir ander iets te gee? Rykes vra: Is daar belastingtoegewing as ek ´n skenking maak? Besighede vra: Sal ek advertensie en blootstelling kry? "How many miles will we get from it?" Sal dit help om ons sosiale verantwoordelikheidsteikens te bereik? Kerke vra: Sal ander dit op ons webbladsy en facebookbladsy sien?

Ons leef in ´n samelewing wat nie baie genadig is nie. Elkeen vir hom/ haarself. En ons wil weet hoekom is die mense wat gehelp moet word in hul situasie. Is dit dalk hul eie skuld vra ons. En mense is wel bereid om te gee, solank dit net nie te veel van hulle vra nie.

2. God se Gees vra ´n ander ingesteldheid by ons

Teenoor hierdie selfsugtige gees van ons tyd kom die Heilige Gees van God en maak ons mense wat omgee vir ons medemens. Ons lees hiervan in Hand 6 waar die Griekssprekende weduwees vra vir hulp en sewe diakens aangestel word. Struktureel word die kerk georganiseer om ´n omgee gemeenskap te wees vir diegene in die direkte omgewing wat in nood is.

Dit is egter nie net diegene met wie die kerk/gemeente daagliks in kontak is wat ons diensbaarheid vra nie. Paulus bring die situasie van medegelowiges in Jerusalem onder die aandag van die gemeente in Korinte. Die kerk mag nie funksioneer met die idée: "uit die oog, uit die hart" nie. Paulus bring die nood onder lidmate se aandag deur middel van ’n brief. Daarin word van Christene gevra om juis anders te dink as die wêreld om hulle.

Maar waarom anders? Christene moet onthou dat dit wat hulle het, uit die hand van die Here kom. Vers 10 sê: God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid ’n ryk oes laat oplewer. Ja ons werk dalk hard om "ons" geld te verdien, maar Christene sien ook daarin ons Here se hand. Hy gee aan ons geleenthede en gesondheid. En Hy vra van ons: wees en leef dankbaar!

3. God vra ons om vrygewig te wees teenoor medeskepsels in hul nood

´n Mens wat dankbaar is omdat God vir hom gee, moet sy dankbaarheid teenoor God wys. Ons wys ons dankbaarheid teenoor God deur vir ons medemens in nood barmhartig te wees. In die profetiese rede in Matteus 25 lees ons die bekende gelykenis van die skape en die bokke. Vers 40 sê: *En die koning sal hulle antwoord: "Dit verseker ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen."*

Barmhartigheid en vrygewigheid teenoor medemense in nood is die toetssteen van ons geloof.

4. Ons bereidheid om te dien, bring eer aan God en maak die evangelie geloofwaardig

Wanneer ons vrygewig word teenoor medemense in nood, word God geprys. Paulus skryf:

*12 want die bediening van hierdie hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, **maar bring ook oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee**.*

*13 Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat **aan God eer toebring**. **Hulle sal Hom prys** oor julle gehoorsaamheid aan die evangelie van Christus wat julle bely, en oor julle opregte mededeelsaamheid teenoor hulle en teenoor al die ander.*

5. Ons vrygewigheid laat ook mense vir ons bid

Wanneer ons vrygewig is teenoor medemense in nood kry ons mense wat so dankbaar is dat hulle ook met die Here oor ons praat. Hulle dank die Here vir sy oorvloedige genade aan ons bewys en hulle bid ook dat die Here ons sal seën, terwyl die eer aan die Here toekom, wat in die gee van sy Seun, Jesus aan ons, vir ons dié voorbeeld van vrygewigheid is.

Paulus sê dit self soos volg: *14 Hulle sal ook vir julle bid en met verlange aan julle dink, omdat die genade van God oor julle so oorvloedig was. 15 Ons dank God vir sy onuitspreeklike gawe.*

Gebed

- Ons dank ons Here vir sy onuitspreeklike en oorvloedige gawe in Jesus Christus aan ons.
- Ons bid dat die Here wat ons met guns en gawes seën ook aan ons die ingesteldheid sal gee om uit ons aard en soos Hy diensbaar en vrygewig te wees.
- Ons bid vir die middele en geleenthede om die Here en ons medemense te dien met die gawes wat ons van Hom ontvang.

Oordenking 10
... om mededeelsaam, in eenvoud en sober te leef

Skriflesings: Hand 2:43-47; 4:32-37; 2 Kor 8:10-15

(Ter agtergrond: Die gemeente in Jerusalem het in die tyd van Hand 2 en 4 saam met die res van die inwoners finansiële vooruitgang belewe. Hierdie oorvloed waaroor hulle beskik het, kon hulle maklik met ander gelowiges rondom hulle deel. Paulus beskryf in 2 Kor 8 dat die situasie in Jerusalem drasties verander het en dat daar 'n geweldige nood by die Christene in Jerusalem ontstaan het.

Hy doen dus 'n beroep op al die ander gemeentes om die bronne waaroor hulle beskik met die gemeente in Jerusalem te deel. Die gemeentes in Agaje en Masedonië was besig om te herstel van 'n burgeroorlog waartydens die twee provinsies vir keiser Tiberius gevra het om kwytskelding van belasting. Hierdie twee situasies staan in kontras, want die Christene in Jerusalem het aanvanklik maklik uit hul oorvloed gegee, terwyl die res van die gemeentes in Agaje en Masedonië vir wie Paulus later om hulp vra, nie sulke oorvloed gehad het nie. Volgens 2 Kor 8:3 was hulle egter bereid om meer as hul deel by te dra, ja hulle het selfs vanuit hul gebrek en armoede 'n bydrae gelewer.)

1. Gee julleself aan die Here

Die gemeenskaplike beginsel by beide die situasies van die gelowiges in die verskillende gemeentes is vervat in 2 Kor 8:5 en 9. As vers 5 waar word in ons eie lewens dan is ons in staat om na God se wil vir ons lewe te vra. Een van die maniere waarop God dan antwoord , is om ons oë te open sodat ons die nood kan raaksien en hulp kan verleen, ten einde balans te herstel. As ons dit doen, eer ons Hom en gee ons uitdrukking aan sy versorgende liefde. Soos in die geval van die manna, vra dit by ons vertroue in God. Die voorbeelde in die gemeentes wys hoe ons dit moet doen. Vergelyk bv 2 Kor 8:6 waar Titus sy tyd gegee het as organiseerder en die gemeentes hul tyd, vaardighede en hulpbronne. Dit moet ons inspireer om op voetspoor van hierdie gemeentes te handel.

2. Gee aan mekaar volgens die rykdom wat julle in Christus ontvang het

Deel van hierdie rykdom wat ons ontvang het, is ons verlossing, maar ook ons vaardighede, hulpbronne en tyd. Die Christene in Handelinge het eiendomme gehad en dit met liefde en eensgesindheid met mekaar gedeel. Anders as ons vandag wat ons afsonder as ons ryk aan besittings is, het hulle nader na mekaar toe beweeg. Hierdie voorbeeld het daartoe bygedra dat hulle nie-Christene na hulle toe aangetrek het (Hand 2:47). As jou gesindheid reg is, gee jy soms bo vermoë. Die Heilige Gees lei jou om jou vaardighede, hulpbronne en tyd wat God aan jou toevertrou het, tot uitbouing van sy koninkryk aan te wend en te deel.

3. Herstel die balans **(**2 Kor 8:13-15)

Paulus gebruik die werklikheid van die nood wat soms rondskuif, soos in die geval van Jerusalem, om aan te dui dat ons kan help om die balans te herstel. Hy haal uit Eksodus 16:18 aan waar dit oor God se sorg deur middel van die manna gaan. God maak voorsiening vir almal en as ons bereid is om met mekaar te deel hoef niemand gebrek te ly nie. Dit vra ’n vertroue in die voorsienigheid van God.

Hierdie gedeelte spreek ook diegene aan wat lui is om te werk. (As jy nie elke dag vroeg opstaan en gaan optel nie, kry jy nie kos nie.) Die toets vir Israel was of hulle elke dag die Here gaan vertrou vir môre en of hulle uit vrees vir môre, meer sal optel as wat hulle toegelaat is. Is die angs oor môre se kos nie dalk ook by hulle te bespeur wat net rykdom wil vergader nie? Die uitdrukking: “Skep solank dit reën…” kan tot gevolg hê dat ons juis die aarde uitbuit. Ons het die verantwoordelikheid om te sorg vir balans deur dit waarvan ek en jy te veel het, aan andere te gee wat niks of te min het. Die problem is dat mense nooit dink dat hulle te veel het nie. Ons onderlinge gemeenskap en liefde vir mekaar help ons om met ander oë na ons besittings en die nood van die mense rondom ons te kyk. Die manna gedeelte spreek ons almal aan wat ons vertroue in ons eie vermoeë stel, wat net vir onsself wil opgaar en sodoende die hulpbronne van die aarde vernietig.

4. Lewe jy uit oorvloed of uit armoede?

Die aarde behoort aan die Here, maar die aarde en ons as mense raak al hoe meer in die nood a.g.v. ons oordadige lewenswyse. Die uitdagende vrae is: Hoe gaan jy jouself vir God gee? Uit jou oorvloed of uit jou armoede? Is jy bereid om onder die leiding van die Heilige Gees na God se wil te vra en dit te doen ten einde te help met die herstel van die balans van die aarde?

Ons almal het bepaalde gawes, gawes van tyd, vaardigheid en verskeie hulpbronne wat ons van God ontvang het, wat ons kan aanwend tot die herstel van hierdie balans. Dit is egter belangrik dat dit in opregtheid van hart aangewend moet word (onthou Annanias en Safira).

Die Heilige Gees roep jou op om God te vertrou en te besef dat as ons bereid is om met mekaar (God se gawes) te deel, daar genoeg vir ons almal sal wees. Ons verantwoordelikheid teenoor mekaar en die aarde roep ons op om die skepping en mekaar te dien met wat ons van die Here ontvang het. In Suidelike Afrika is die gaping tussen ryk en arm van die hoogste ter wêreld en juis daarom word ons as kerk hier opgeroep om hard te werk teneinde hierdie balans te herstel.

Die aarde het vanuit sy volheid gegee sodat ons volhoubaar daaruit kan lewe. Ons het God se seën en genade daardeur beleef, maar ons het hierdie volheid misbruik met die gevolg dat die aarde se hulpbronne besig is om uitgeput te raak. Ons kan nie langer met hierdie lewenswyse volhard nie. Dit is nou tyd om uit ons oorvloed terug te gee, minder te gebruik en meer te deel. As ons dit doen leef ons offervaardig en mededeelsaam.

Die volhoubaarheid van die skepping en ons rentmeesterskap is in gedrang. Soos die manna genoeg vir die dag was (as daar volgens die regte behoeftes ingesamel word) en daar op God vertrou moes

word vir môre, só voorsien God vandag nog genoeg vir die hele mensdom as ons maar net kan leer om dit met mekaar te deel. Die kerk het die verantwoordelikheid om deur voorbeeld voor te loop en ander na God te lei.

Hoe leef jy self en waar kan jy verander? Waarop fokus jy?

Die aarde behoort aan die Here?	of	**die aarde behoort aan die verbruikerskultuur?**
Op die ander en die skepping	of	op myself en my begeertes
Om te gee	of	om te kry
Op gelukkige verhoudings	of	op goed wat geluk bring
Op rus	of	op gejaag om die beste te hê
Om terug te sit	of	om uit te haal
Op diens en nederigheid	of	op wen, mag en status
Op minder en versorging	of	op meer en misbruik
Op betekenis en luister	of	op sukses en prestasie
Op dank en tevredenheid	of	op vertoon en gierigheid
Op waardeer en verwonder	of	op gebruik en verbruik

Gebed

- Dank vir die rykdom wat ons saam in Christus ontvang het en vir alles waarmee die Here ons saam seën om van lewe.
- Belydenis en aflegging van ons eie verkeerde lewensfokusse van selfsug en begeerte, van te jaag na die beste, van uithaal sonder om terug te sit, van mag en status, van misbruik en vertoon, van gierigheid en verbruik.
- Bid vir ’n eie lewensingesteldheid van waardering en verwondering, van omgee en verantwoordelikheid, van diens en versorging teenoor die skepping, van offer en gee.

Oordenking 11 - Pinksterfees

Ons bely die aarde behoort aan die Here en eer Hom saam met sy hele skepping

Skriflesing: Ps 24:1-10

1. <u>Ons opgestane Here herskep die fees!</u>

Dis Pinksterfees!

Ons onthou daardie 50ste dag ná die Paasfees. In Jerusalem was dit die hoogtepunt van die Fees van die sewe weke (Ex 34:22, 2 Kron 8:13), waartydens Israel hulle uittog uit slawerny gedenk het (Lev 23). Vir die Jode was hierdie klimaks van die Fees van die sewe weke 'n vreugdevolle viering, 'n dag van danksegging. Hulle het die eerste vrugte van hul oeste as 'n offer gebring en gerus van hul daaglikse arbeid. Dit was hierdie feestelike geleentheid wat die opgestane Jesus herskep het in die fees van Pinkster. Op hierdie feestelike dag het ons Here sy Heilige Gees op sy dissipels uitgestort.

Lukas vertel aan ons (Hand 2) dat gewone manne en vroue saam deur God se krag vervul is, met wonderlike gevolge. Sy eens bang dissipels het voor ’n skare van godsdienstige Jode – "uit al die nasies onder die son" - in alle tale getuig dat Jesus die opgestane Here is én dat sy Gees kragtig werk,

soos dit voorspel is (Joël 2). Die dissipel Petrus was ’n nuwe man en hy kon vir almal die Evangelie verduidelik. Omtrent 3000 mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg!

God se Gees open toe hulle harte en verstand en gee aan hulle sy eie krag en ook insig om die wye wêreld in te gaan en oral en by almal van sy koninkryk te gaan getuig en te werk om dit uit te brei.

2. Ons Here herskep die konteks
Een belangrike Christelike belydenislied is Sionsgesang 126:1

"Jesus Christus heers as Koning,
Hy's verheerlik deur sy kroning,
en met majesteit beklee.
Alle owerhede magte,
heerskappye, trone kragte,
moet Hom lof en ere gee".

Psalm 24 is nog so ’n belydenislied. Tradisioneel word dit in die kerkjaar gesing óf by sy *advent*, sy inkom in sy aarde (by die aflê van sy mag om een met ons te word), óf by die herdenking van Jesus se *hemelvaart* (by die opneem van sy mag by sy Vader).

Die Psalmdigter, volgens oorlewering koning Dawid, bely dat die aarde en alles wat daarop leef en beweeg aan die Here behoort. Hy het die aarde op die see en riviere gebou (DB). Verklaarders verbind Dawid se belydenis van God se heerskappy aan die intog van die ark (sinnebeeld van God se teenwoordigheid) by Jerusalem. Dawid en sy medeleiers leer deur die pyn van Ussa se tragiese dood (2 Sam 6:1-15) wat die Here regtig van hulle verwag. Die Eienaar van die aarde en alles daarop verwag by ons ’n lewenshouding en lewenspraktyke wat Hom bo alles eer en respekteer.

Ons Here soek my en jou gemeenskap, ons lof en aanbidding, ons diensbaarheid en liefde. Ons Here wil dat ons oral en altyd by almal en alles sy koninkryk sal bou. Máár in hierdie proses, soos by Dawid en die volk destyds, soek Hy ons met rein hande (wat die goeie en die reg met deernis sal bewerk vir ons naaste en die aarde), en met suiwer harte (lief vir ons Here en mekaar in die kern van ons bestaan), sonder bedrog en valsheid (geloofwaardig en betroubaar). Die Psalm eindig met uitbundige jubelsange oor die heerskappy van ons Here (7-10). Sy teenwoordigheid by hulle verander Dawid se stad (sy koninkryk) in die Godstad (die Here se eiendom). Daar is hoop!

3. Ons eerbiedig sy regering!
Psalm 89 is Etan, die Esragiet, se gedig vir die komende geslagte oor ons Here se liefde en trou, en dat die hemel en die aarde en alles daarin aan Hom behoort wat alles gemaak het (12-13). In sy visioen op die dienaar van die Here op wie sy Gees sou kom, om sy wil aan die nasies bekend te maak, bely Jesaja ook dat ons Here die aarde gevorm het en alles wat dit oplewer, en dat Hy die lewe aan mense gee en aan alles wat beweeg (42:5-6). Jakobus leer ons ook dat die Vader die hemelligte geskep het (1:16-18).

Die nuut bekragtigde gelowiges, op Pinksterdag, is mettertyd geleer dat en hoe hulle self ook by hierdie "alles" ingesluit is. In 1 Kor 3:21-22 verduidelik Paulus, teenoor hulle eie skewe persepsies en praktyke vir die gelowiges in Korinte, dat alles aan hulle behoort, *máár* dat hulle aan Christus behoort én Christus aan God.

Dis net so waar van ons. Ons behoort aan die opgestane Een, die lewende Lam. Sy Heilige Gees woon in en werk vandag deur ons. Ons is vervul deur sy nuwe lewe. Die aarde waarin ons bly, behoort aan Hom, dis sy skepping. Dis nie ons eiendom óf behoort aan menslike konings, aan ekonomiese of aan militêre maghebbers nie. Nee! Die aarde, die skepping, ons, alles behoort aan

ons Here! Ons is almal buitegewoon bevoorreg om nou hier te lewe en te laat lewe, met die oog op môre. Verantwoordelik, in sy Naam en met eerbied vir sy regering!

Gebed

Voorganger: Here, opgestane Jesus Christus, u Pinkstergemeente bely saam met die hele skepping, met alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, met alles wat daar is: "Aan Hom wat op die troon sit en aan U, die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid" (Open 5:13).

Almal: Skepperheer, U is die Maker van alles wat is, van die oneindige uitspansel tot die nederige mier. U gee lewe aan alles wat bestaan. U troon oor alles as ons Eienaar, Versorger en Heer.

Voorganger: Die skepping en aarde is in diep pyn, soekend na u kinders, wat U as die Eienaar eer, wat u hart ken, u handewerk respekteer en versorg en bewaar.

Almal: Skepperheer, gee aan ons oop ore vir die loflied van u hemele. Laat ons insien die aarde is ons eie én U ons Here se woonplek. Leer ons hoe U as die Versoener met ’n sagte juk, ’n ligte las sorgsaam heers oor ons en oor alles.

Voorganger: Heilige Gees wat in ons woon en ons beheer, gee aan ons die insig om u skepping te sien en ons Skepper te loof, met vrugbare lewens wat oorloop van barmhartigheid en reg.

Almal: Here Jesus, ons hoor u skepping se kreune en sien u aarde ly. Ons wil self offervaardig, vrygewig en dienend lewe, sober, in eenvoud, met ’n ligte spoor soos U. Gee vir ons daarvoor krag.

Voorganger: U het in Jesus met ons een geword. Deur Jesus se Gees herskep U alles wat is. U maak weer heel wat sonde hier gebreek het. U gee diep insig en neem bedrieërs weer in diens (Ps 24). U breek nie die geknakte riete nie, doof nie die dowwe lamppitte uit nie, maar maak van ons U lig vir die nasies (Jes 42) en ’n troos en vreugde vir u aarde.

Almal: Kom, O Skeppergees vernuwe ons, u aarde, ja, u hele skepping! Amen